Menlo Park

STIGTINGSDATUM: 1963
LEUSE: EXCELSA PETAMUS (REIK NA DIE HOOGSTE WAARDES)
ADRES: ATTERBURYWEG, MENLOPARK, PRETORIA, 0081
WWW.MENLOPARK.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

Menlopark is in 1963 gestig met 372 leerlinge van std. 6 tot 8. Vandag het die skool 'n leerlingtal van meer as 1 300. Teen die einde van die skool se eerste jaar het die eerste permanente hoof, mnr JPL van Zyl, oorgeneem by die waarnemende hoof, mnr Böhmer. In 1973 is hy opgevolg deur mnr Frans Gerber, wat tot 1980 aangebly het. Mnr Famus Booysen was hoof van 1980 tot 1984. Die huidige hoof is dr CIS van der Merwe. Die skool het 'n swembad van Olimpiese grootte (50 m), wat in 1972 geopen is. Menlopark gee ook op ander gebiede die pas aan – van 'n uitstekende webtuiste tot 'n moderne ouditorium. Die skool en sy leerlinge is toekomsgerig.

Rugby op Menlo

Menlopark het met nege spanne begin wat vir die plaaslike ligas ingeskryf is. Louis de Klerk is vir Noord-Transvaal se A-span gekies, maar daar was nog sukses. Daardie jaar het Menlopark ook die magtige Pretoria Boys' High met 8-3 geklop. Boetie Kloppers het twee drieë gedruk.

Menlopark het reeds in 1965 begin toer, na Suidwes-Afrika, nou Namibië. Hulle het meer as 7200 km afgelê teen 'n gemiddeld van 400 km per dag. Dit was veel gevra om 'n hele rugbyspan in 'n minibus te pas! Naby Windhoek het die agterwiel afgeval, maar hulle het dit eers agtergekom toe die wiel die bussie verbysteek.

In 1966 het Menlopark Loftus Versveld se gras vir die eerste keer geproe toe hulle teen die besoekende Hoërskool Port Natal van Durban uitdraf. In 1967 het die span weer in die pad geval, hierdie keer na Kaapstad. Hulle het twee geluksbringers saamgeneem, sowel as 'n professionele kantlynskeidsregter. Hulle het Hoërskool Durbanville, Plumstead en die onoorwonne Tegniese Hoërskool Tygerberg al drie geklop. Hulle het Stellenbosch ook besoek, waar Danie Craven hulle 'n paar rugbylesse gegee het. Daarna het hulle afgesit na Franschoek, waar die Menlo-manne met hul blou kleurbaadjies vir die Franse toerspan aangesien is.

Menlopark moes tot die post-isolasiejare wag voor hulle hul Springbokke kon oplewer. Dit was Jacques Olivier en Rudolph Straeuli. Olivier het in sewentien toetse van 1992 tot 1996 gespeel. Sy seun volg tans in sy voetspore, by die Laerskool Menlopark. Straeuli het in altesame tien toetse gespeel. Hy het die Sharks se afrigter geword, voordat hy van 2002 tot 2003 Springbokbreier was.

Die 1ste-span het in 2006 en 2007 uitstekende seisoene beleef. In 2006 het hulle met net 2 punte teen Affies verloor, en in 2007 het hulle die finaal van die Michelin-kompetisie gehaal, maar teen Waterkloof verloor.

Menlopark speel verskeie groot derbies. St Alban's is die belangrikste teenstander. Die 2007-wedstryd was onvergeetlik. Menlopark was met 11 punte agter met net 2 minute oor. Toe druk hulle twee vinnige drieë om te wen! Ander gereelde derbies is teen Pretoria Boys' High, John Vorster, Waterkloof en Eldoraigne.

Die skool se rugbytoekoms is in goeie hande. 'n Lewendige oudleerlingunie bring al hoe meer steun na die wedstryde. Die skool het ook uitmuntende breiers. Dean van der Watt, wat van Monument gekom het, is rugbydirekteur, terwyl Wian van Schalkwyk reeds lank die 1ste-span suksesvol afrig.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Johan Marais, Jacques Olivier, Rudolph Streuli

"Menlopark het 'n vyfjaarplan met een mikpunt: om die skool een van die beste rugbyskole in die land te maak. Baie skole het die voordeel van groot koshuise, wat hul spanne aansienlik versterk. Maar Menlo het desondanks gefloreer, en ons stoutste verwagtinge oortref. Ons verbeter inderdaad deurentyd."

— Dean van der Watt (Rugbydirekteur)

"Ons het in die laaste paar jaar heelwat uitmuntende junior spanne gehad, en dit dui op 'n blink toekoms. 'n Paar van ons spelers is reeds by die Blou Bulle gekontrakteer, hoewel hulle deel van die skool bly. Dit spoor ander spelers aan. Ek is in my skik met die bywoning van oudleerlinge, want Menlopark is daarop uit om 'n sterk alumni te vestig."

— Wian van Schalkwyk (1ste-span breier)